Now Mr. Mynhardt, you were eight paces from the fence? --- Yes.

The man whom you saw was on the other side of the fence? ---Yes.

Approximately six paces from the fence? --- From the fence, and not towards me.

Yes, on the other side, towards the street? ---Yes.

You must have been separated therefore by fourteen paces? --- From me yes.

So when you say that you were a distance from him when he shouted where you are in the Court to where he is here, i.e. of five paces, you are clearly wrong? You agree with that? --- Well Sir, I agree with that, but as I say I can't take the distance and all those types of things.

There were lots of others shouting at the same time as he was? --- Yes, they were all shouting but he was the big bloke, the big bloke who was shouting that.

Was not his single voice drowned in the loud noise of the shouting by the crowd? ---No, his voice was high up, high up, high up.

Are you quite sure that it was from his throat that the words were coming? --- Yes, that is right. I was looking at him.

DEUR DIE HOF:

Mnr. Mynhardt, ek wil hê jy moet in Afrikaans antwoord. Jy druk jouself baie wlel in Engels uit. --- Reg, Edelagbare.

Antwoord in Afrikaans en as jy nie verstaan nie dan sê jy vir my. --- Reg, Edelagbare. Ek het hom uitgekyk. Ek kon met sien „Janse kyk, hy is 'n groot man daarso. Hy maak

'n/....

'n "hang" se lawaai daarso".

Meen jy nou hy is liggaamlik 'n groot man of hy is die groot baas van die klomp? Wat meen jy met 'n groot man? — Hy wil net wys hy is nou Afrika, Afrika! Hy wil net wys.

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

Didyou pay particular attention to him? — Ja.

Can you tell His Worship how he was dressed perhaps? — That I can't remember. Ek kan dit nie onthou nie.

Now, he was six paces beyond the fence. You were looking west? — Ja.

You said that he was on your left? — Ja.

Now, was he on your left beyond the double gates, i.e. south of the double gates, or still a little bit north of the double gates? — Ek Bietjie noord van die hekke af.

Now, you are understanding me when I am talking about north of the gates? — Ja.

As you come into the Police Station through those gates north is on your left? — Ja.

This man was therefore to the left of the gate outside the fence? — Dit is reg.

How many paces to the left of the gate? — I should say three paces.

Now, you have said that he was inciting the crowd? — Ja.

What precisely do you mean by that? Why do you say he was inciting the crowd? — Omrede die ander... hulle het ook nou geskree, maar hulle het nou nie juis so 'n behaai gemaak soos wat hy 'n bohaai gemaak het en gewys het ja, nou is dit Afrika, Afrika nie. Hy het die ander opgesteek. Hy het gesê hulle moet almal skree, hulle moet almal - hoe sal ek sê - hard skree, en die ander het net 'n bietjie - hoe kan ek sê - onder

langs/....

langs gebly, maar hy het hoog uitgegaan tussen die ander uit.

You say that he was shouting louder than the others? --- Ja, ek het dit gehoor vir 'n feit.

Do you say that because he was shouting louder than the others he was inciting the others? --- Presies, want hoe sal ek sê, jy kon sien hy steek die ander op, hy steek die ander op om nog harder te skree as wat hy skree.

That is exactly what I want to find out Mr. Myrhardt. How did he suggest to the others that they should shout louder? Did he talk to them or what? --- Wel, soos hy skree „Afrika!" dan slaan hy hulle aan die skouer. Hy slaan hulle aan die skouer en hy steek hulle op om ook te skree.

Now, what you saw, apart from what you inferred, is that he shouted loudly and he hit them on the shoulders? --- Op die skouers ja.

Did he do anything else besides that? --- Nee, dit was al gewees.

How soon before the firing started did you notice this? --- Nee, net voor ons begin skiet het; net voor ons begin skiet het.

You had not noticed him before that? --- Nee.

And you don't remember him after that? ---Dit is reg.

BY THE COURT:

Yes, I think we can stop at this stage Mr. Unterhalter.

Mr. Prosecutor, are you going to call today witnesses who are identifying people?

BY THE PUBLIC PROSECUTOR:

Yes, Your Worship.

BY THE COURT:

Because then I want to know what the wishes of the

accused/....

accused are. I must set their minds at rest. What must we now do with witnesses who are called to Court to identify people? Must we tell them to wait outside somewhere, and must they not come hear the Court, or what must they do? Mr. Unterhalter, can you give me the wishes of your clients?

BY MR. UNTERHALTER:

Your Worship, with respect, if I may speak first, I would suggest that the same procedure be adopted as has been adopted very satisfactorily in the last few weeks, and that is that these witnesses remain out of sight round the corner of this building here until they are called.

BY THE COURT:

I don't know. I have not even looked at the geography on this side of the building from that point of view. I believe there is a little waitingroom here on my lefthand, about five or six paces from the entrance of the Court. Now the Prosecutor tells me that is not available because it is full of other stuff. But now, to get to the waitingroom, how must they get to that waitingroom without passing somewhere near a window of this Court? As it is they are allowed inside the building and the private part of the building and the passage at the back where I go along.

BY MR. UNTERHALTER:

Your Worship, just behind this waitingroom are a set of benches, which are out of sight of the door and where the witnesses have been seated the last few weeks.

BY THE COURT:

But how is the witness now to be intercepted when he comes along from Johannesburg and not somehow pass near the

Court/....

Court windows?

BY MR. UNTERHALTER:

Well Your Worship, no one can prevent that. I can only say this to the Court, that behind me are the back of the premises. There is a lane at the back where Africans sell food and so on. It seems to me to be very clearly the whole back of the premises, and I should hardly imagine in the ordinary course when a person approaches this Court he would come through that lane. I am not saying that one can prevent a person going through there, but as far as I have been able to observe Your Worship, most of the witnesses who have come have come through one of the passages, similar to the route that Your Worship uses each morning.

BY THE COURT:

I do not propose to make any order other than the order I have made that witnesses are not, whilst the Court is in session, to come near this door. I cannot stop witnesses. I cannot interfere with the freedom of people to that extent that before I come onto the bench they may stand here and they may not stand there. I have no such power as far as I know, and I don't think it would be reasonable. All I can do is to leave it to the Prosecutor and Captain van den Bergh to see that witnesses do not look at these accused who don't want to be looked at before the Court starts.

BY MR. UNTERHALTER:

I take it Your Worship that nevertheless I may be permitted to draw the Court's attention to anything that seems irregular?

BY THE COURT:

Of course. You have done so. I have not interfered,

I/....

I,have not suggested that you must not do that.

BY MR. UNTERHALTER:

As Your Worship pleases.

COURT ADJOURNS.

COURT RESUMES:

PAULUS FRANCOIS MYNHARDT, onder sy vorige eed, vervolg:

KRUISVERHOOR DEUR MNR. UNTERHALTER VERVOLG:

Now, you said that there were two men whom you pointed out on the Boksburg parade, and I now want you please to tell us whereabout this second man was whom you have described in your evidence-in-chief? Was he together with the man that you have described just before lunch, or was he in quite a separate part? --- Hy was saam met hom.

Does that mean that he was alongside of him? --- Ja, hy was langs hom, langs hom.

What was he shouting? --- Hy het ook geskree „Afrika!"

And how was it that you particularly heard this word coming from him? --- Wel, u kan darem die twee verskillende hoor. U kan darem hoor dit is daardie twee wat aanhou daardie geluid uitroep.

His voice was not drowned by the loud noises coming from the crowd? --- Hoe sal ek sê? Jy kan net daardie twee se stemme baie duidelik hoor. Jy kan hulle baie duidelik hoor.

Are you quite sure that the loud sounds that you heard were coming from those particular two persons? --- Dit is reg.

Now, you also said that this one was inciting the

others/....

others. In what way was he inciting the others, the second one? --- The same way as he did.

You can continue to speak Afrikaans if it is easier for you. --- Ja. Dieselfde soos wat hy dit gedoen het.

That is? --- „Afrika! Afrika!", aanhou „Afrika!" skree.

Apart from shouting "Afrika!" in what other way was the second man inciting the crowd? --- He had both his hands up. Hy het altwee sy hande bo sy kop gehad.

And you inferred from that that he was therefore inciting the crowd? --- Dit is reg.

And that is all that he was doing, the second man? --- Dit is reg.

If you look at Exhibit 13 you will see a drowd outside the main entrance to the Police Station in what is called Zwane Street, i.e. the south side of the Police Station. Have you got it on the exhibit? ---Ja.

Did you ever have occasion to look at any of the crowd in Zwane Street? ---Nee.

You saw the faces of the people whom you pointed out at the identification parade. It was not because at any stage they were inZwane Street? --- Dit is reg.

You agree with what I have said? ---Ja.

Now, in regard to the man whom you pointed out at the parade at Vereeniging, did you have an opportunity of looking into the place where the people were lined up for inspection before you were called into that place? --- Soos ek sê hy was net aan die anderkant. Soos die hekke nou hier gewees het, en ek het daar gestaan, het hy hierdie kant van die hekke gestaan. Hy het nie aan hierdie kant gestaan nie, hy het aan daardie kant van die hekke gestaan.

I don't think thatyou have understood my question.

Deur/....

DEUR DIE HOF:

Die vraagwwas of jy by die parade wat in Vereeniging gehou is die parademense kon sien voordat jy ingeroep was na die parade toe? --- Soos die Polisiemanne aangetree het?

Nee, ons praat van die parade op Vereeniging? --- Nee Edelagbare, jy kon hulle nie sien nie.

Kon jy die mense sien voordat jy ingeroep is na die parade? ---Nee, Edelagbare.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. UNTERHALTER VERVOLG:

You did not have an opportunity of looking through some window? --- Nee.

Now, you say that you pointed out a man who according to you had been near the Police Station on a bicycle on the 21ste March? --- Dit is reg.

Now, how soon before the shooting did you see him, this man on the bicycle? --- Dit was net voor dit, omtrent twee minute voor ons geskiet het. Dit was ook dieselfde tyd toe ek daardie ander gesien het.

Mr. Mynhardt, would you try to talk a little bit slower please?and towards His Worship, so that we can all hear you more clearly? You had not seen the man on the bicycle before then? --- Ek het hom nie op die "bicycle" gesien nie. Hy het die "Bicycle" in sy een hand gehad, en hy het so half op 'n klip gestaan; hy het die "bicycle" so in sy hand gehad.

Now, this was two minutes before the shooting, but before that you had not seen him at all? --- Nee, ek het hom nie gesien nie.

Now, you were describing to His Worship a few minutes ago the position where you saw him. In relation to the double gates in the western fence, was it also on the lefthand side, i.e. the northern side, or was it on the righthand side as you

go/....

go in, i.e. the southern side of the gates? --- Hy was aan die regterkant van die hekke.

DEUR DIE HOF:

Aan die regterkant? --- Dit is reg.

As 'n mens ingaan? --- As 'n mens ingaan dan is dit aan die regterkant.

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

That is the southern side of those gates? ---Ja.

How far down the fence from the double gates would you have noticed him? How many paces about? --- Van die draad af, dat hy nou....?

No, no. If you were going south along the fence, if you were walking along that western fence south towards Zwane Street, how far from the gate would he have been? Do you understand my question? --- Ek verstaan nou nie so mooi wat u daar bedoel nie. Dit is omtrent vier voet.

Feet or paces? --- Vier voet.

It is one pace about, a little more than one pace? --- Ja.

Now, I want to be quite clear Mr. Mynhardt. I am not asking you the distance that he stood from the fence, away from the fence in the street, but I am asking you how far from the gate down the street? --- Van die hek na die straat se kant toe. Ek verstaan wat u bedoel.

From the gate along the fence in a southerly direction? --- Ja.

How far down? --- Dit is die vier voet wat ek nou net gesê het.

So he was very close to the south post of the double gate in the western fence? --- Dit is reg.

Now, how far from the fence in a westerly direction,

i.e./....

i.e. towards the street, was he? --- Hy was amper teenaan die draad. Hy kon net so gevat het en dan het hy aan die draad gevat. Hy was amper teen die draad.

Was there a big crowd around him? --- Ja, hulle was baie dig om hom gewees; daar was baie van hulle daar.

Did he not have a great deal of difficulty in standing there with this bicycle of his because of the crowd milling around him? --- Nee, hy het ook - hoe kan ek sê - hy het ook die ander aangespoor om ook te skree „Afrika! Afrika!". Ons kon dit baie duidelik gesien het.

Do you say that even though there was a heavy crowd pressing around him, it did not make any difference? He had no difficulty in moving about? --- Ja, dit is reg.

Now, was he sitting on his bicycle or was he standing alongside his bicycle, what was he doing? --- Hy het so op die klip gestaan met sy een voet op die klip, en hy het die "Bicycle" so met sy een hand gehouvas.

He was not sitting on the saddle of the bicycle? --- Nee, hy het gestaan met sy een voet so op die klip.

What size stone was this? A big size? --- Dit was nie 'n te groot klip nie, sodat hy net sy voet so op hom kan rus, dat hy nou net so kan staan. Hy was gebuig gewees. Sy voet was so half gebuig.

DEUR DIE HOF:

Jy meen sy been was so half gebuig? ---Sy been ja, Edelagbare.

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

Now, which way was he facing? Was he facing towards you, was he facing south, or was he facing north? --- Soos ons dit so gestaan het in die ry, en soos die draad hier is het hy in daardie rigting gekyk.

Yes/....

Yes, but could you please try to describe it to the Court in terms of north or south? --- Hy het daar na my kant toe gekyk, reguit daar na my kant toe, soaan.

He was looking towards you, i.e. he was looking east? --- East.

Now, his bicycle, the front of his bicycle, was it pointing north or was it pointing south? --- No, the bicycle was pointing east.

His bicycle also was pointing east? --- Yes.

In other words, he was holding his bicycle at right angles to the direction of the western fence? Is that correct? --- Dit is reg.

Now, did you say he was shouting too? --- Hy het ook geskree.

And what was he saying? --- Hyhet ook geskree „Afrika!". Wel, dit was so 'n bohaai gewees dat jy kan keer hy skree en hoe poog hy om die ander mense ook op te steek om te sê „Afrika! Afrika! Afrika!". Jy kon dit duidelik gesien het.

His voice was not drowned by the crowd? --- Nee.

Was he shouting at the same time as the other two that you have referred to in your evidence? --- Ja, dieselfde tyd.

You did not confuse his voice with that of the other two that you have described? --- Nee. Hy het darem 'n bietjie sagter geskree, maar jy kon darem sien - hoe kan ek sê - dat hy die ander Bantoes sê hulle moet aanhou skree, aanhou skree.

Well, what was he doing that leads you to the conclusion that he was inciting the others? --- Wel, jy kon sien hoe hy die ander ook vat, aan die skouers vat en hulle sê hulle moet dit doen.

Was he hitting them on the shoulders in the way

the/....

the first one was that you described this morning? --- Dit is reg.

BY THE COURT:

Not hitting Mr. Unterhalter, but touching them, i.e. „vat".

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

That is correct, is it, i.e. as His Worship has put it, that he was not hitting but he was just touching? --- Dit is reg.

Just let me be clear on this. The first man whom you were describing this morning, was he actually hitting them on the shoulder? --- Nee, dit is nie "hitting nie". Hulle raak net so aan mekaar, omtrent soos wat ek nou sal sê „Kom Boy, kom, kom, kom!". Hulle slaan nie.

Just touching them on the shoulder? --- Hulle raak net aan mekaar.

BY THE COURT:

This morning he did use the words „slaan hulle op die skouers".

CROSS-EXAMINATION BY MR. UNTERHALTER CONTINUED:

Now, this man you are quite clear had a blue jersey on, the one with the bicycle? --- Dit is reg.

Could you see that the article of clothing was a jersey? --- Dit was 'n trui en hy het 'n swart hoed opgehad, en 'n ligblou broek.

What did you say was black? --- Sy hoed.

He had a black hat. And the colour of the trousers? ---Dit was ligblou.

You have got a clear recollection of the clothing of the man with the bicycle? --- Dit is reg. Ek kan beskryf hoe die klere lyk.

You/....

You don't remember the clothing of the other two whom you described this morning? --- Nee, daardie weet ek nie.

Mr. Mynhardt, these two whom you described this morning, they were surrounded by lots of people in the crowd, were they not? --- Dit is reg.

Now, the fact that they were deep in this crowd, a distance of approximately six paces from the fence, did it not make it very difficult for you really to see accurately at all what they were doing? ---Nee, jy kon dit baie duidelik sien. Jy kon dit baie duidelik sien hoe hy die ander aanspoor om dit te doen.

You yourself were standing on the ground, were you? --- Dit is reg.

I would like you please to look at Exhibits 45 and 46, and also Exhibit 77. --- Ja.

You will see that those are pictures that show a portion of the crowd alongside the fence at the Police Station on the day in question? Is that correct? --- Ja.

Now, you will notice Mr. Mynhardt, as far as the eye of the camera is concerned, it does not penetrate much beyond the first row of people alongside the fence? You don't see much of any people behind, do you? --- No, you don't see it.

I am showing that to you because I have got a little difficulty in understanding how you could see beyond the first row or two of people alongside the fence, a distance back of about six paces as you put it? --- Janee Meneer, ek sê u duidelik ek het hulle definitief gesien, hoe hulle die ander aanspoor om ook te skree.

And at that distance, about six paces from the fence? --- Ja, ek het definitief dit gesien.

Thank you, Your Worship.

No/....

NO CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NOS. 1, 3, 4, 8, 38 AND 39.

RE-EXAMINED BY THE PUBLIC PROSECUTOR:

Nou, u het 'n beskrywing gegee van wat die man wat ons genoem het A gedoen het daar by die Polisiestasie. Toe u A uitgeken het by die parade op Boksburg, was hy die eerste een of die tweede persoon wie u uitgeken het? — Dit was die eerste persoon gewees.

En B was die tweede persoon? — Ja.

En die man met die fiets was daar by Vereeniging uitgeken? — Dit is reg.

Dankie, Edelagbare.

HERMANUS SCHEEPERS, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Is u 'n Sersant in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vereeniging? — Dit is reg.

Hoe lank is u op Vereeniging gestasioneer? — Dit is nou 'n jaar.

Nou, op die 21ste Maart verlede jaar was u teenwoordig by die Sharpeville Polisiestasie toe die Polisie geskiet het? — Dit is reg.

Aan watter kant was u tydens die skietery? Aan die noordekant, die suidekant, die westekant of die oostekant? — Aan die noord-oostelike kant.

Ons het hier 'n bewysstuk, en u sal sien dat heel bo is die noordekant, die linkerkant van die foto is die westelike kant, en heel onder is die suidekant. — Ek was aan hierdie

kant/....

kant.

U weet waar die groothhek is van die Polisiestasie? Dit is aan die westekant? --- Ja.

Nou, watter kant van die Polisiestasie was u toe die Polisie geskiet het?

DEUR DIE HOF:

Die getuie het daar op die portret uitgewys waar hy was.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Kan u net die plek aandui op dbe foto? --- Ja. (Getuie dui aan op dbe foto).

DEUR DIE HOF:

Jy het gesê jy was aan die noord-oostelike kant en jy wys aan die oostekant? --- Volgens my. Ek weet nie, ek kan miskien 'n bietjie rigtingloos wees.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Sersant, kan u met 'n merkie "S" sit op bewysstuk 13?

DEUR DIE HOF:

Maar maak nou eers seker dat jy daardie bewysstuk ken en hom verstaan voordat jy daar merke op maak.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Was jy ooit by Sharpeville Polisiestasie geweest? --- Ek was baie daar gewees ja.

Nou, jy weet die groot hek in die heining tussen die kliniek en die Polisiestasie, ken u dit? --- Ja.

Dit is diewestelike heining? --- Ja. Wel, ek het dit gevat vir die suidelike heining.

Nee, die suidelike heining is waar die klein hekkie is in die straat met die eiland in die middel wat hulle noem

Zwanestraat/....

Zwanestraat. Waar die vlagpaal is, daar voor. --- Ja.

Is jy reg nou Sersant? Kan jy nou net die merkie "S" sit waar u was tydens die skietery? Verstaam u daardie foto? Kyk na bewysstuk 56? Laat ek dit nou net vasstel. Blykbaar is u nie tevrede met bewysstuk 13 nie, en daar is iets verkeerd? Is dit reg Sersant? Het u bewysstuk 56 daar voor u Sersant? ---Ja, dit is nou reg dankie.

Wie was die Offisier in bevel van u daar? --- Dit was 'n Kaptein wat by ons was. Ek het nou sy van vergeet; Coetzee dink ek.

Coetzee? --- Kaptein Coetzee.

Was dit waar u was tydens die skietery? --- Dit is reg.

DEUR DIE HOF:

Met ander woorde Sersant, jy was gladnie binne-in die Polisiegronde nie? --- Nee, ek was gladnie in die Polisiegronde nie.

Dit lyk my die Aanklaer het gedink jy was, en dit is die dat daar so 'n bietjie verskil is tussen julle twee.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Na die skietery het u 'n uitkenningsparade bygewoon? --- Ja.

Hoeveel parades het u bygewoon? --- Twee. Daar was een parade waar die eerste klomp Bantoemans gewees het, en toe weer Bantoevreuens. Dit was albei dieselfde dag gewees.

En alles op dieselfde sentrum? --- Ja, alles op dieselfde sentrum.

Was dit Boksburg? --- Boksburg.

Ek wil net sekermaak. Het u ooit 'n parade hier bygewoon te Vereeniging by die nuwe tronk wat hulle bou? --- Ja, dit is reg. Ek was daar ook gewees.

Was/....

Was u daar? --- Ek was daar en op Boksburg.

En op Boksburg? --- Die twee ja.

Nou, by die Boksburgparade - ons sal eers met daar-die parade aangaan - d.i. die parade wat op die 19de April gehou is, toe u na die parade gebring is watter vraag is aan u gestel? ---Om enige van die persone uit te wys wat ek met die Sharpeville-onluste gesien het, wat daar teenwoordig was.

En het u enige persone uitgewys? --- Ja, ek het uitgewys.

Hoeveel? --- Ek kan nie onthou nie. Twee of drie.

Sal u in staat wees vandag om die persone wie u te Boksburg uitgewys het weer uit te wys, d.i. as hulle teen-woordig is? --- Nee, ek sal nie dit kan doen nie. Dit is te lank gelede. Ek kan nie hulle gesigte onthou nie.

Nou, hoekom het u die persone uitgewys wat u sê u wel uitgewys het op die parade? --- Die uitkenningsparade was kort na die voorval gehou.

Maar wat het die persone gedoen op die dag van die onluste? Hoekom het u hulle uitgewys? --- Hoekom?

Ja? --- Nee, ek kan nie sê wat hulle gedoen het nie. Ek kan nie gaan sê nie. Daar was duisende van die Bantoes. Ek kan nie sê wat elkeen gedoen het nie. Ek het hulle maar net daar gesien as persone wat onder die getal Bantoes was.

Geld dit vir die Vereeniging parade ook? --- Ja, dit geld vir al die parades, enigeen wat ek uitgewys het.

So u het blykbaar mense by parades uitgewys wie u bleet op die dag van die onluste gesien het? --- Ja, daar was te veel gewees.

Dankie, Edelagbare.

Kruisverhoor/....

KRUISVERHOOR DEUR MNR. UNTERHALTER:

Mr. Scheepers, you were under the command of Captain Coetzee? --- Yes, the moment just before the shooting.

Do you know if there was any shooting from among the men near you under Captain Coetzee's command? --- No, I can't say.

Captain Coetzee in his evidence said that although he did not observe it personally, there was some information about certain people having fired from on top of some vehicles stationed nearby where his men were. Do you know anything about that? --- I don't know anything about it.

Thank you, Your Worship.

NO CROSS-EXAMINATION BY ACCUSED NOS. 1, 3, 4, 8, 38 AND 39.

NO RE-EXAMINATION BY THE PUBLIC PROSECUTOR.

PIETER MACHIEL SAAIMAN, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Is u 'n Konstabel in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Sentraal, Johannesburg? --- Ja.

En is u 'n lid van die sogenoemde „Speekeenheid", d.w.s.....

DEUR DIE HOF:

Ek weet nie wat dit is nie mnr. die Aanklaer! Amptelik weet ek nie wat dit is nie!

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Ja. Sal u die terme noem wat die Polisie gegee is?

DEUR DIE HOF:

Het dit iets met die saak te doen?

Deur/....

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Dit mag miskien iets met die saak te doen het.

DEUR DIE GETUIE:

Edelagbare, ek werk op die Artikel 29 eenheid, asook diefstal uit motorkarre en handsakke in die straat.

DEUR DIE HOF:

Diefstalle uit motorkarre en handsakke, en Artikel 29 is in verband met leeglepers? —— Dit is korrek.

Wat voor die Banteekommissaris verskyn!

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Nou, ek dink die punt wat ek wil maak is dit. Dat alhoewel u 'n Konstabel is wat normaalweg uniform dra, in die uitvoering van u pligte dra u burgerlike drag? Is dit reg? —— Ja.

Nou, op die 21ste van Maart verlede jaar was u by die Sharpeville Polisiestasie? —— Ja.

Was dit die eerste keer wat u by Sharpeville Polisiestasie gekom het? —— Dit was die eerste keer.

Nou, voor u is 'n bewysstuk, d.i. nr. 13. Kyk na dit. Dit is 'n lugfoto van die Sharpeville Polisiestasie. Heel bo is die noordelike kant, aan die linkerkant se kant van die foto waar daar blykbaar 'n klompie Polisiebeamptes staan op die gruispaadjie wat vanaf die heining tot by die gebou lei is die westelike kant van die Polisiestasie, en dan heel onder is die suidelike kant, d.i. waar die straat is met die eilamd in die middel. Verstaan u die foto? —— Ja, ek verstaan dit.

Nou, voor die skietery plaasgevind het aan watter kant van die Polisiestasie was u? —— Ek was aan die westekant van die Polisiestasie.

Het u enigiets op u kop gehad? —— Ek het.

Wat/....

Wat was dit? 999 'n Sakdoek.

DEUR DIE HOF:

Was jy in burgerdrag daardie dag of nie? ---Ek was in burgerdrag.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Kyk na bewysstuk 77 asseblief. Dit is 'n foto van die toneel aan die westekant van die Polisiestasie. Tussen die Polisievangwa en die Saracen sal u sien daar is 'n persoon - vermoedelik 'n blanke man, dit is nou nie heeltemal duidelik op daardie kiekie nie - met iets op sy kop? --- Ja.

Kan u daardie persoon herken? --- Dit is ek.

Terwyl u aan die westelike kant was het u.....

DEUR DIE HOF:

Dit is tussen die motorkar en die Saracen daar. Jy het ook nie 'n baadjie aan nie, en dit lyk of jy daar in 'n hemp staan? --- Ek was in 'n hemp geklee, Edelagbare.

'n Wit hemp en iets wit op jou kop? --- Ja, Edelagbare.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Terwyl u daar aan die westelike kant was voor die skietery, het u enige persone in hegtenis geneem of enige persoon gehelp om'n persoon in hegtenis te neem? --- Ek het niemand gehelp om enigiemand in hegtenis te neem nie, maar ek het wel vir Kolonel Spengler gehelp om 'n Bantoe weg te neem van die hek af.

Ek sien. Hoe was daardie man gekleed? --- Die persoon - ek is nie heeltemal seker nie, maar ek dink hy het 'n rooi hemp aangehad.

Sal u in staat wees om daardie persoon uit te wys as hy vandag hier is? --- Nee, ek sal nie.

Nou, op watter manier het u Kolonel Spengler gehelp?

Hoe/....

Hoe het u hom tegemoetgekom of gehelp? --- Ek het gesien dat die betrokke persoon, die Bantoe, terugpluk toe Kolonel Spengler hom neem. Ek het vorentoe geloop en die persoon aan sy arm geneem en hom gesê „Kom saam!".

En het die persoon wel saam met u gegaan? --- Hy het.

En waarheen hey u hom geneem? ---Net 'n endjie verder het ek hom aan 'n persoon in privaatklere oorhandig. Die het hom geneem by my en die het hom in die Polisiestasie ingeneem.

Die persoon wat u geneem het ek neem aan was 'n Bantoeman? --- Dit is reg.

Het hy enigiets vir u gesê nadat u hom geneem het en weggelei het? --- Hy het niks aan my gesê nie.

Was enige aanmerkings aan u gemaak daardie besondere dag deur enige lid van die skare of vanuit die skare? --- Daar was.

Op watter tydstip was dit? Voor die besondere insident of na dit? --- Dit was net daarna.

En onder watter omstandighede het dit gebeur? --- Ek het na die draad toe gestap en 'n Bantoeman gevra om nie aan die paal te pluk van die omheining van die Polisiestasie nie.

Wat was hy besig om met daardie paal te doen? --- Hy het beide hande om die paal gehad en die paal gepluk.

Wat wou hy met hierdie paal doen volgens u waarneming van wat gebeur het? --- Dit het vir my voorgekom asof hy hom wou lospluk, of hy hom wou uithaal.

En u het toe na hierdie Bantoeman gestap? --- Ja.

En wat het u vir hom gesê? --- Ek het aan hom gevra om nie die paal so te pluk nie want hy beskadig die paal en die omheining.

Het hy enige antwoord gegee? --- Hy het my 'n antwoord gegee.

Ek wil sy juiste woorde hê as u dit kan onthou?

Die/....

--- Die betrokke Bantoe het aan my gesê "Fuck off you Dutch bastard! We'll burn you and your Police Station today!".

En hoe het u opgetree toe hy die beledigende taal teenoor u gebruik het? --- Die Bantoeman het toe teruggestaan tussen die skare in en een van die Bantoevrouens het toe op my gespuug.

En daarna? Wat het daarna gebeur? --- Ek het toe omgedraai om terug te stap na waar die Polisiemanne al in 'n lyn gestaan het, besig was om op te vorm.

En wat het gebeur terwyl u besig was om terug te stap? --- Die Bantoes was toe baie oproerig wat daar gestaan het, en ek het twee skote gehoor val vanuit die skare, afkomstig van die westekant van die Polisiestasie. Ek het toe omgedraai en toe ek omdraai het een van die Bantoes my met 'n klip in die sy gegooi.

Hoe ver was u vanaf die draadheining toe u gegooi is? --- Dit was ongeveer vyf treë. Dit was naby.

In watter sy? Kan u net die plek aantoon waar die klip u getref het? --- Dit was hier in my sy gewees.

DEUR DIE HOF:

Jou linkersy? --- My linkersy ja, Edelagbare.

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Omtrent hoe groot was die klip? --- Dit was omtrent so 'n klip. (Getuie dui die grootte van die klip aan). Dit was nie groot nie.

DEUR DIE HOF:

Ook maar weer so groot soos 'n tennisbal of 'n krieketbal.

VERHOORDEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Was dit seer of nie? --- Dit was seer.

Het u op die been gebly toe u deur die klip getref

is/....

is? --- Ek het.

En was daar enige ander klippe wat u gesien het? --- Ja, van die ander Bantoes het ook klippe gegooi na die Polisie.

Wat het van die Bantoe geword wat die klip gegooi het? --- Hy het 'n tweede klip geneem in sy hand en voordat hy my kon gooi met die klip - want hy wou my gooi met die klip - het ek my diensrewolwer geneem en 'n skoot op hom gevuur.

As enige van daardie klippe u in u gesig sou getref het, sou u enige beserings opgedoen het? --- Ja.

Het u voor enige ander Polisielid geskiet? --- Ek het eers geskiet toe daar reeds geskiet was.

Ek sien. Het u gesien wat by die hek plaasgevind het net kort voor u geskiet het? --- 'n Klomp van die Bantoemans het vorentoeggedruk en probeer by die hek inkom.

Onder watter indruk was u toe dit daar by die hek plaasvind, wat gebeur nou? --- Ek was onder die indruk dat hulle storm om die Polisie by te kom.

Nou, onder watter omstandighede het u by Sharpeville gekom daardie dag? Hoekom het u nie u uniform aangetrek nie? Dit is wat ek wil uitvind? --- Ek sou om 8 v.m. die oggend begin in burgerdrag, en toe ek by die Polisiestasie opkom - dit was net voor agt, kort voordat ek sou aan diens gaan - was ek beveel om onmiddellik die opruktrok te neem en onder bevel van Hoofkonstabel Malan te gaan na Sharpeville met twintig Polisiebeamptes.

Het u tyd gehad om 'n Polisie-uniform aan te trek? --- Nee, die Offisier het my beveel om nie een aan te trek nie want daar was nie tyd nie.

En na die skietery by Sharpeville Polisiestasie het u enige voorwerpe in beslag geneem of opgetel? --- Ek het.

Watter soort voorwerpe? --- Ek het 'n paar klippe

opgetel/....

opgetel.

Waar was die opgetel? --- Binne die omheining op die grasperk.

Aan die westekant of aan 'n ander kant? --- Aan die westekant waar ons gestaan het.

Hoeveel klippe het u opgetel? --- Ek het net drie of vier opgetel.

En was daar enige verskil in die grootte van die klippe wat u opgetel het en die een wat u getref het? --- Nee, dit was almal normale groottes.

Vanwaar het die klippe gekom wat u opgetel het? --- Van die westekant af, van die Bantoeskare af.

En enige ander voorwerpe? --- Ek het stokke opgetel, 'n paar stokke.

Waar was die opgetel? --- Die het ek aan die westekant van die Polisiestasie buite die omheining opgetel.

Omtrent hoeveel het u opgetel? --- Ook maar drie of vier.

Is dit al voorwerpe wat u opgetel het? --- Ek het o.a. ook 'n byltjie, so 'n kapbyltjie met 'n skerp haakpunt bo, opgetel.

Waar was die opgetel? --- Dit was ek sal sê aan die suid-westekant van die Polisiestasie gewees.

Binne of buite die heining? --- Buite die omheining.

Sal u in staat wees om die byltjie weer uit te ken as u dit siem? --- Ek reken so.

En die stokke? --- Ek glo nie die stokke sal ek kan sê watter presies nie.

Hoeveel jaar diens het u mnr. Saaiman? --- Ongeveer ewe.

En praat u enige naturelle- of Bantoetale? --- Nee.

Het/....

Het u ooit vorige ondervinding gehad van skares van die getal wat u daardie dag gesien het? --- Ja, ek was al voorheen.....

Waar was dit? --- O.a. in Newclare.

Voordat u Kolonel Spengler gehelp het die man inbring, het u opgelet wat hy besig was om te doen, d.i. die Bantoeman voor Kolonel Spengler aan hom gevat het? --- Nee, ek het nie.

Het u enige ander Bantoeman gesien wat weggeneem is vanaf die westelike kant behalwe hierdie een? --- Daar was twee ander Bantoes wat binne die omheining was, wat gevra is om binne na die binneplein toe te gaan, en wat gegaan het.

En was hulle toe weggeneem? --- Ja.

Was hulle voor die persoon wie u weggeneem het daar weggeneem, d.i. die ander twee? --- Ja.

Het u opgelet wat hulle daar in die binneplein gedoen het voordat hulle weggeneem is, d.i. die ander twee? --- U meen binne die omheining?

Ja, binne die omheining? --- Ja, een van hulle het geloop en voor die skare geskree en met sy hande die "Afrika" teken gegee.

Is u vandag met vervlof? --- Ek is met verlof.

Vir hoe lank? --- Tot die 16de toe.

Vanwaar kom u nou? --- Ek het deurgekom van Bloemhof af.

DEUR DIE HOF:

Mnr. die Aanklaer, is dit nou getuienis in die saak of maar sommer net inligting wat jy wil hê?

DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER:

Dit is slegs inligting, Edelagbare. Perhaps my learned friend might be inspired to shorten his cross-examination!

Verhoor/....

VERHOOR DEUR DIE PUBLIEKE AANKLAER VERVOLG:

Sal u net afstaan en bewysstuk 40 deurkyk? --- Ja. (Getuie staan af en ondersoek bewysstuk 40).

U het nou bewysstuk 40 deurgekyk en u het toe 'n byltjie of 'n hamertjie uitgehaal? --- Ja, dit is meer bedoel vir 'n hamer as vir 'n byl.

Dit sal bewysstuk 97 wees Edelagbare. Dit het 'n skerp punt agter? --- Ja.

Is dit die instrument wat u bedoel u toe opgetel het? ---Dit is reg.

DEUR DIE HOF:

Dit het 'n hout steel met 'n punt soos 'n hamer en 'n kou soos 'n hamer wat jy spykers mee uittrek? ---Ja.

En 'n moorddadige skerp punt. Waarvoor word sulke instrumente gemaak wonder ek!

(Geen verdere vrae deur die Publieke Aanklaer nie).

KRUISVERHOOR DEUR MNR. UNTERHALTER:

Mr. Saaiman, you saw Exhibit No. 77 and I would like you please to look at it again. You will notice there is a crowd of people alongside the fence, and a few umbrellas you can notice in the crowd, some women and children there.... Do you agree with that? --- Ja.

The crowd as shown in the picture alongside the fence at that moment seem reasonably well behaved? Do you agree with that? --- Ek steem saam daarmee op die oomblik toe die foto geneem is.

Now, you noticed Colonel Spengler trying to bring somebody in from the crowd? --- Dit is reg.

I gathered from your evidence-in-chief Mr. Saaiman that it did not seem to you as if Colonel Spengler was trying to arrest this man? Am I correct in understanding your evidence

in/....

in that way? --- Ja, ek het nie geweet of Kolonel Spengler hom wou arresteer of net inneem vir ondervraging nie.

You of course looked at the man he was trying to bring in? Your eyes fell on him? --- Dit is reg.

It did not seem to you from what you noticed that this particular man was committing any offence? ---Ek het hom eers gesien toe Kolonel Spengler hom het. Dit was die eerste keer. Ek het nie gesien of hy enige misdaad gepleeg het of besig was om iets te doen nie.

And this man apparently did not want to obey Colonel Spengler? ---Dit kon moontlik wees ja.

No, I want to get what you yourself noticed, and not possibilities. Did it seem to you as if this man was resisting Colonel Spengler or declining to obey the order or the request that Colonel Spengler was making to him? --- Ja.

So you went forward yourself and got hold of the man, did you? --- Dit is korrek.

Did you go through the gates Mr. Saaiman? --- Nee.

Did you stand at the gates? --- Dit was net duskant die hek.

That is on the inside? --- Aan die binnekant van die hek.

The gate I am referring to, is that the double gate in the western fence of the Police Station? --- Ja.

Now, were both those gates open at the time to which I am referring? ---Daar was Polisiebeamptes wat dit toegemaak het. Dit was toe.

